NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH
Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

13 April 2015

PERSVRYSTELLING: VREEMDELINGEHAAT

Die onlangse vlaag van geweld teen buitelanders, veral in Gauteng en Kwazulu-Natal, word reeds 'n geruime tyd voorsien. Kerke en ekumeniese liggame het die afgelope jare telkens op die sporadiese voorkoms daarvan en die onderliggende spanning in seker gemeenskappe oor die vreemdelinge in hulle geledere gewys. In regeringskringe is die boodskap van geloofsgemeenskappe volgens ons oortuiging nie ernstig geneem nie.

Vreemdelingehaat word nie met 'n toespraak of verklaring bestry nie. Die redes waarom dit voorkom, is soms ook meer kompleks as net haat. Die Moderamen van die Algemene Sinode is oortuig dat die beginpunt vir ons as NG Kerk se bydrae in die hantering en die uitwissing daarvan in die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid van die NG Kerkfamilie lê. Ons is oortuig dat alle Christelike kerke asook ander geloofsgroeperinge hiermee sou kon identifiseer en dit in hulle gemeenskappe gebruik in die bestryding van hierdie euwel. Verder doen ons 'n beroep op ons lidmate om alle mense in die land met menswaardigheid te hanteer.

Die Moderamen het besluit om die saak pertinent in die ekumeniese liggame waarvan ons deel is (die SARK en TEASA) op die tafel te sit en die inhoud van die Seisoen van Menswaardigheid so wyd as moontlik bekend te stel en te deel.

Dr JJ Gerber
Algemene Sekretaris: NG Kerk

Selfoon: 0828955680